Kort verslag VGKSA Klassis Suid 17 Maart 2006 te Johannesburg

Opening
Die klassis Suid van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid Afrika het op Vrydag 17 Maart vergadering in die kerk van Johannesburg.
Br. Meeske het namens die kerk die verrigtinge geopen. Al die kerke was wettig teenwoordig. Ds. Nel is benoem as voorsitter, br. A.L. Boessenkool as ondervoorsitter en br. P. Schoeman as skriba.

Konstituering en instemming met die belydenis
Die afgevaardigdes en die adviseur, ds. Breytenbach stem in met die belydenis van die kerk deur op te staan.

Klassis rëelings
As eerste bespreek die klassis die benoeming van ’n vaste skriba. Hierdie persoon hoef nie noodwendig ’n afgevaardigde te wees nie. Hy kry die opdrag om die klassis saam met die sameroepende kerk voor te berei en die notules, briewe en argief te versorg. As sodanig word br. A.W. Herder van Johannesburg benoem. Verder word bepaal dat vir toekomstige vergaderinge die sameroepende kerk die voorsitter sal aanwys. Die klassis hoef net vir ’n ondervoorsitter te kies.
Die klassis stel verder die klassis rëelings vas. ’n Deputaatskap sal die nodige wysiginge aanbring en die rëelings aan die kerke stuur.
Dieselfde deputate kry die opdrag om die visitasie vrae te hersien en met ’n voorstel te kom op die volgende vergadering.

Notules Klassis 10 September 2005
Hierdie notules word na ’n groot aantal wysiginge en aanvullinge vasgestel. Die skriba word gevra die gewysigde notule opnuut vir die kerke te stuur.

Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan
Hierdie kerk waar ds. H. Hefer dien, is in kontak met Bethal. Hulle is nog besig met ’n besinning oor watter kerkverband hulle wil aansluit. Johannesburg noem dat voormalige lede van die Springs gemeente hulle ingeskakel het by hierdie gemeente. Bethal sal die kontakte voortsit en waar nodig die ander kerke uit die klassis daarby betrek.

Sinode sake
Die klassis besluit om n.a.v. ’n versoek van Kaapstad die sinode van 18 Maart 2006 te versoek die oorspronklike afvaardiging van die voormalige klassis A sodanig te wysig dat die ouderling Raimond van Kaapstad die plek kan inneem van ouderling Bosker. Die klassis wys die versoek, om sekundus Breytenbach te vervang deur ’n ouderling uit Kaapstad, af.
Die klassis bespreek indringend die advies aanvraag van Kaapstad aangaande die Teologiese opleiding. Hierdie saak was opgestel deur Kaapstad n.a.v. die Sinodale deputate se verslag. Die klassis besluit om vir die afgevaardigdes wat op die sinode dien te vra die adviese mee te weeg in die besluitvorming, maar sal nie ’n selfstandige voorstel op die sinode agenda plaas nie.

Dag van verootmoediging
Die klassis is deur die Sinode aangewys as die vergadering wat dae van verootmoediging vir die kerke kan uitroep. Die klassis besin hom hoe hierdie aanwysing hande en voete te

gee. Die klassis kom net elke 6 maande saam en kan moontlik moeilik op aktuele sake reageer. Die klassis besluit om vir die kerk van Kaapstad te vra voorkomende gevalle te identifiseer en saam met die ander klassis kerke ’n besluit te neem of so ’n dag moet uitgeroep word.

Konsulent vir Johannesburg
Johannesburg vra die klassis vir ’n konsulent. Die klassis besluit vanweë die klein getal predikante en ook die groot afstande om eers vir ds. Kleijn te benoem. As hy die benoeming nie kan aanneem nie, sal ander predikante benader word.

Preekbespreking
Op die vorige klassis was besluit dat op elke klassis ’n preek bespreek word wat in die sameroepende kerk gehou is. Hierdie bespreking is bedoel om die predikante in die klassis te bemoedig en om hulle te help. Johannesburg het ’n preek ingehandig wat nie bespreek gaan word om rede dat die gelese preek van ’n predikant is van buite die klassis.

Klassis Argief
Die klassis argief sal kompleet gemaak moet word, daar waar stukke nog ontbreek. Al die kerke sal ‘n afskrif van die argief kry.

Benoeminge
As visitatore word benoem: ds. P. Nel, ds. E. Viljoen en oud. H. Snijder.
As naburige kerke word benoem:
Vir Bethal: Johannesburg, vir Johannesburg: Kaapstad en vir Kaapstad: Bethal.
Br. D.A. Byker en sr. M.A. Bijker van Johannesburg word benoem om die klassis argief te kontroleer.
As deputate kategese materiaal word benoem: ds. C.F. Nicholson, ds. J.A. Breytenbach en ds. E. Viljoen.
As deputate klassis reëling en visitasie vrae: brs. A.W. Herder en H. Snijder te Johannesburg.
Bethal sal die volgende klassis saamroep op 16 September 2006

Rondvraag volgens artikel 41 KO
Johannesburg word bemoedig in die moeites wat hulle ondervind. Daar waar nodig kan die ander kerke hulp bied, aangesien Johannesburg baie leesdienste het huidiglik.
Kaapstad noem dat ds. Viljoen weer gedeeltelik werk.

Sensuur volgens artikel 48 KO
Met dankbaarheid word genoem dat hier geen gebruik van gemaak hoef te word nie.

Sluiting
Die ondervoorsitter sluit af met dankgebed.

Vir die klassis, A.L. Boessenkool, ondervoorsitter.